"CV2"

LDP ATTORNEYS

Our Ref / Ons Verw: I DU PISANIE/MAT4576 | Your Ref / U Verw: | Date / Datum: 18 JUNIE 2019

**MICHELLE VAN DER MERWE**

**BY E-MAIL: mvandermerwe77@gmail.com**

---

Geagte Dame,

**I/S: CS VAN DER MERWE // USELF**

1. Ons ageer hierin in opdrag van Cornelia Sophia (Cora) Van der Merwe.

2. Ons hou instruksies om die volgende op rekord te plaas.

   2.1 Dit is gemeensaak dat u ons kliënt se dogter is.

   2.2 U het gedurende Desember 2018 teruggetrek huistoe en u gedrag die afgelope tyd, tas ons kliënt se welsyn ernstig aan.

   2.3 U het ons kliënt verlede week erg aangerand deur onderandere ons kliënt se bril twee keer van haar gesig af te klap, water op haar rekenaar te gooi, hard in haar oor te skree, haar rondgestamp en op die grond neergegooi het, haar geskop en haar met 'n hanger geslaan. Ons kliënt moes 'n dag lank 'n nekstut dra om die pyn draaglik te maak.

   2.4 Ons kliënt se oogbank was blou en opgeswel en kon ons kliënt vir twee aande nie op haar rug slaap nie, vanweë al die kneusings

   2.5 Ons kliënt het oor die onlangse langnaweek 'n kuiergas onthaal. U het die kuiergas beledig, hom verkleineer en 'n "piece of shit" genoem, sy klere in die spaarkamer rondgegooi en vanoggend sy klere weggesteek. Die kuiergas moes homself in die spaarkamer toesluit tot u die huis verlaat het vir werk.

   2.6 Ons kliënt moes twee keer die naweek wegvlug om ten duurste in 'n restaurant te gaan werk, omdat u haar lewe absoluut hel maak.

   2.7 U het duur Whisky wat die kuiergas saamgebring het in die drein afgegooi. Ons kliënt sal dit nou ten duurste moet vervang.

   2.8 Ons kliënt is verdermeer oor die naweek erg emosioneel deur u afgekraak en dit affekteer haar werk.

087 898 3831/2/3
086 665 2346
admin@ldplaw.co.za
First Floor, 476 King's Highway, Lynnwood, Pretoria
PO Box 73356, Lynnwood Ridge, 0040
Docex 13, Menlo Park, Pretoria
www.ldplaw.co.za

Loock du Pisanie Incorporated | Reg No: 2018/365881/21 | VAT Number: 4830283372
Directors: Norman Werner Loock (LLB UP), Izak du Pisanie (LLB UP).

2.9 Sedert u onder ons kliënt se dak is, floreer u akademies. U het nog 'n jaar se studies oor waarvoor ons kliënt betaal.

2.10 U onwelvoeglike optrede skep die indruk dat u ons kliënt wil isoleer van haar vriende, haar godsdiens en vrye keuses.

2.11 U het tot April 2019 gereeld 'n psigiater gesien, en medikasie gebruik vir gemoedsversteurings.

3. Ons hou instruksies om u aan te maan, soos ons hiermee doen, om onmiddellik alle negatiewe en geweldadige gedrag teenoor ons kliënt en haar vriende te staak, by versuim waarvan u ons kliënt met geen alternatief sal laat as om die Hoggeregshof te nader vir die gepaste regshulp.

4. Ons plaas op rekord dat skrywer hiervan vanoggend instruksies ontvang het om die Hooggeregshof te nader op 'n dringende basis as gevolg van u bovermelde optrede. Ons kliënt was geadviseer om hierdie skrywe aan u te rig en dat sou u optrede nie verbeter nie of sou daar 'n herhaling wees daarvan of sou ons nie die geskrewe onderneming ontvang soos vesoek word hieronder nie, om dan die Hof te nader.

5. Ons kliënt bied aan om te betaal vir u behandeling by 'n psigiater, welke u gestaak het nadat u vader u op 'n goedkoop mediese plan oorgeplaas het.

6. Ons benadruk ons instruksies dat u optrede ons kliënt se lewe aansienlik affekteer, soveel so dat ons kliënt nie kan werk nie.

7. Ons ontvang graag binne 3 (Drie) dae vanaf datum van hierdie skrywe, 'n geskrewe onderneming dat daar nie 'n herhaling sal wees van u bovermelde gedrag nie en dat u 'n psigiater sal sien soos voorgestel deur ons kliënt, by versuim waarvan ons kliënt se regte voorbehou word om die Hooggeregshof te nader vir die gepaste regshulp.

8. Al ons kliënt se regte en om die inhoud van hierdie skrywe aan die Hof te openbaar, word hiermee voorbehou.

Die uwe,

**<u>LOOCK DU PISANIE GE-INK.</u>**
**Per: I DU PISANIE**